

DIE HOËRSKOOLO WONDERBOOM


Nuusbrief



FIETSRY

3 Junie 022

Die Wonnies laat die speke sing! Die Wonnies het goeie prestasies gelewer die jaar. Die Fietsry eindig 9de uit 12 skole. Op Saterdag, 28 Mei 2022, het 2 leerders onder die Top 10 geëindig, terwyl 2 leerders eindig onder die Top 20. Nog 2 Wonnies eindig onder die Top 35. Elke Wonnies het onder die gegewe tydperk klaar gemaak! Die Wonnies is trots op hierdie toegewyde fietsers.



WONNIES



WONNIES



INHOUD

FIETSRY

NETBAL

NUUS

KALEIDOSKOOP

KRIEKET

WINTERSDRAG

SKAAK

WONDERLIG

NETBAL:

Die ligaseisoen eindig, en die hemel het saam met die Wonnies gehuil. Op 'n reënerige Vrydag het die Wonnies hul laaste liga teen Hoërskool Overkruin gespeel. Halfpad deur die wedstryde het die sluise van die hemel oopgemaak en die wedstryde is uitgestel. Op Vrydag, 27 Mei 2022, het die dames 'n tweede geleentheid gekry om die wedstryde te voltooi, en wat 'n pragtige dag was dit nie?

Die goeie nuus is dat **Die Hoërskool Wonderboom** se netbal algeheel 3de plek geëindig het. Hou hul in 2023 dop!

* Liga-wenners:

16B, 14C en 15C

* 2de in liga:

19B, 16A

* 3de in liga:

19A, 17A, 15B

* 4de in liga: 14B

* 5de in liga: 14A
en 15A



WONNIE NUUS:



Lusandra Lombaard het die naweek haar skool as 'n Wonnie verteenwoordig in perdry tydens die SANE-SA SHOW JUMPING kompetisie. Sy verower die 1ste plek!

Baie geluk!

KALEIDOSKOOP 2022

Skryf nou in vir die Wonnie Kaleidoskoop en wys jou talene:



WONNIE KALEIDOSKOOP
2022

CLASSROOM CODE: ik75p3n



KRIEKET:



KRIEKET

(11 - 15 Julie)

Die Eerste span krieket neem in die vakansie deel aan 'n Winterweek.

11 - 12 Julie : Oefenkamp

13 - 15 Julie : Wedstryde

Proewe vir die Winterweek-groep is op Vrydag, 27 Mei, 14:30 - 16:00 by die krieketnette, op die rugbyveld.

Navrae kan gerig word aan Mnr Jordaan : krieket@wonnies.co.za



WINTERSDRAG

Winter

*Nou lê die aarde nagtelang en week
in die donker stil genade van die reën,
en skemer huise en takke daeliks bleek
deur die wit mistigheid en suising heen.*



Elke Wonnie voel letterlik die koue aan hul lyf! Daarom doen ons weer 'n beroep op die Wonnies om enige gebruikte, maar steeds bruikbare wintersklere (langbroeke, hemde, oortrektrui/"pullover", truie, baadjies ens.) na die klerebank te bring as skenkings.

SKAAK:



Ons jong skaakspan kon hierdie jaar weer deelneem aan individuele uitdunne en aan die liga.

In die individuele uitdunne (Kluster) het Wade Hole, Gretchen Jones en Stefan Kruger uitgeblink. In die volgende individuele rondte (Distrik) het Gretchen Jones deurgedring na die dogters O/18 provinsiale uitspele. Tydens die ligawedstryde het die spanne swaargekry, maar individuele spelers het hulle eie spel verbeter. Ons is opgewonde om in 2023 die volgende skuif te maak!

WONDERLIG:

Volgende kwartaal kry Gr. 8-leerders die geleentheid om deel te neem aan hierdie gewilde program. Dit bestaan uit 9 sessies wat elke Woensdag aangebied word vir 9 weke. Leerders kan kies tussen die oggend- of middagssessie. Die oggendsessie begin 6:15 tot 7:45 en die middagssessie direk na skool (14:00) tot 15:30. Tydens sessies sit ons almal in 'n sirkel en kuier net heerlik saam oor verskillende interessante en lewensverrykende onderwerpe soos volg:

Die wonder van menswees, die wonder van God se liefde, die wonder van verantwoordelikheid, die wonder van vergifnis, die wonder van geloof en vertroue, die wonder van gesindheid en die wonder van keuses. Die 9e sessie is ons Wonderlig feesviering waar leerders o.a. Wonderligbalkies ontvang. En ja, daar is altyd koffie en beskuit.

Visie van projek: Om emosionele intelligensie onder tieners te verhoog, lewens te verryk en hoop te gee vir die toekoms, ten spyte van ENIGE omstandighede. Dit moet hulle ingesteldheid teenoor die lewe positief beïnvloed, sodat hulle beter keuses kan maak en hulle bemagtig vir 'n beter en gelukkiger toekoms.



Betekenis van die skoenlapper as embleem: 'n Skoenlapper is 'n simbool van lewe en transformasie. Die oënskynlike nuttelose en kleurlose papie is in 'n kokon, totdat hy deur die kokon breek en die lig sien. Dan ontstaan

Vriendelike groete

Mnr. M Lezar

Skoolhoof